basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: Opstel | | (50) |
   | AFDELING B: Transaksionele Tekste | (2 x 25) | (50) |

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe/prente en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 ' ... maar Meneer, my flikkerlig wás aan …' **[50]**

1.2 *Nóú is my kans …* **[50]**

1.3 Onthou-oomblikke maak jou lewe die moeite werd. **[50]**

1.4 Pasop, dink voor jy sink! **[50]**

1.5

'Ek kry koud op my eie
ek soek net 'n klein bietjie warmte.'
*Tussen Stasies*, Jack Parow

**[50]**


Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6



[Bron: www.onegreenplanet.org] **[50]**

1.7



[Bron: www.dreamstime.com] **[50]**

1.8



[Bron: https://depositphotos.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **E-POS**

Die jaarlikse matriekafskeidfunksie in die huidige vorm het handuit geruk. Uitgawes hieraan verbonde beloop duisende rande.

Gebruik die formaat hieronder en skryf 'n E-POS aan die voorsitter van jou skool se beheerliggaam waarin jy redes aanvoer waarom die matriekafskeid in die huidige vorm afgeskaf moet word. Maak ook ander voorstelle wat oorweeg kan word.

| | |
|---|---|
| Van | |
| Aan | voorsitterbl@gmail.com |
| Datum | |
| Onderwerp | |
| Boodskap: | |

**[25]**

2.2 **INFORMELE BRIEF**

Jy staan aan die einde van jou skoolloopbaan. Jou toekoms lê oop voor jou.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou ma/pa/voog waarin jy hom/haar vertel wat jou visie of drome vir die volgende sewe jaar na matriek is. **[25]**

2.3 **TYDSKRIFARTIKEL**

Sosiale media is besig om kinders se lewens oor te neem. Skryf 'n TYDSKRIF-ARTIKEL met die volgende opskrif/titel:

**TIK ... TOK? TIKTOK! DIE NUWE MODEWOORD BY SKOLE?** **[25]**

2.4 **FORMELE TOESPRAAK**

Tydens die eerste skooldag vergader die nuwe graad 8-leerders en hulle ouers in die skoolsaal.

Jy is gevra om namens die leerderleiers 'n FORMELE TOESPRAAK met die volgende tema te lewer:

**BY HIERDIE SKOOL IS MISLUKKING NIE 'N OPSIE NIE.** **[25]**

## 2.5 AGENDA EN NOTULE

By jou skool word klasvergaderings maandeliks gehou.

Lees die agenda hieronder vir die vergadering in Januarie en skryf die NOTULE van die vergadering:

AGENDA VIR DIE KLASVERGADERING VAN 12A GEHOU OP
15 JANUARIE 2023

1. Opening en verwelkoming
2. Presensie/Teenwoordigheid
3. Lief en leed
4. Sake in Januarie
   4.1 Deelname aan Interhuisatletiek
   4.2 Graad 8-konsert
   4.3 Fondsinsameling vir liefdadigheid
   4.4 Leiersrol van 'n matrikulant
5. Datum van die vergadering in Februarie
6. Afsluiting **[25]**

## 2.6 DIALOOG

Jy en jou vriend/-in ervaar beurtkrag verskillend. Jy probeer hom/haar oortuig dat gesinne dié tyd ook positief kan benader.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou vriend/-in. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V3**

**NOVEMBER 2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.**

## ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE

### NASIONALE NASIENSIMBOLE

| VERDUIDELIKING | SIMBOOL | BESKRYWING |
|---|---|---|
| Woordorde | ( ⟶ ) | Hakies en pyltjie |
| Woord(e) weggelaat | ^ | Weglaatteken |
| Taalfoute | ——— | Enkelstreep onder die taalfout |
| Spelfoute | = | Dubbelstreep onder die spelfout |
| Begin van 'n nuwe sin | **L** | Maak 'n **L** voor die eerste woord van die nuwe sin. |
| Paragraafindeling | **[** | Maak 'n **[** voor die eerste woord van die nuwe paragraaf. |
| Woord(-keuse)-foute | **X** | Trek 'n X bo-oor die verkeerde woord. |
| Erkenning van taaljuweeltjies | ✓ | Regmerkie bo goeie taalgebruik/idees/uitdrukkings |
| Onduidelik/onverstaanbaar | ʃ (in die kantlyn) | Kronkelstreep |
| Punktuasie | O | Omkring |
| Neem funksionele taalvariëteit in ag. | D | Skryf 'n D vir "dialek" in die kantlynspasie. |

## AFDELING A: OPSTEL

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp of prent skryf. **Hy/sy mag enige soort opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf**. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

## NASIENRIGLYNE

Dui aan die einde van die opstel die punte soos volg aan:

**Voorbeeld:**

| | |
|---|---|
| Inhoud: | **I = Kh = 22** |
| Taal, styl en redigering: | **T = Kl = 10** |
| Struktuur: | **S = K = 4** |
| Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel). | **36** |

Dra die punt uit 50 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

## DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van 'n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die opstel saam, terwyl 'n argumenterende en beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

**VRAAG 1**

**RIGLYNE**

**Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.** Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos **byvoorbeeld**:

1.1 **"... maar Meneer, my flikkerlig wás aan ..."**
Dié onderwerp kan as 'n **verhalende** opstel aangebied word indien die kandidaat 'n storie vertel waarin hy/sy/iemand anders hierdie spesifieke woorde gebruik/moes gebruik. Hy/Sy kan hierdie woorde ook in 'n verhaal as verskoning/oortuiging/motivering om nie aan die kortste end te trek nie, gebruik. Die kandidaat kan vertel watter gebeure tot die verkeersoortreding gelei het. In 'n **beskrywende** opstel met hierdie titel kan die kandidaat die situasie/gebeure beskryf wat aanleiding daartoe gee/gegee het dat hy/sy die woorde moet gebruik/moes gebruik. Die kandidaat kan die verkeersoortreding beskryf. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat bv. peins oor die geloofwaardigheid van die woorde teenoor die persoon vir wie hy/sy dit sê en die gevolge daarvan. Die kandidaat kan bespiegel oor die omvang van die verkeersoortreding. As 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan die kandidaat redeneer/argumenteer oor waarom/hoe die verkeersoortreding sy/haar lewe drasties beïnvloed het en/of watter impak dit op sy/haar lewe het/gehad het. Die kandidaat sou ook kon redeneer/argumenteer of die woorde in die onderwerp as verskoning/motivering vir krisissituasies sou kon dien. **[50]**

1.2 **Nóú is my kans ...**
As vertrekpunt vir 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat van 'n geleentheid/geleenthede/'n persoon wat sy/haar pad gekruis het, vertel en wat hom/haar tot die slotsom gebring het waarom dit nóú ‘n spesifieke/uitsonderlike/merkwaardige kans vir hom/haar was. In 'n **beskrywende** opstel kan 'n kandidaat byvoorbeeld die omstandighede/gebeure/oomblikke/geleenthede rakende 'n spesifieke/uitsonderlike/merkwaardige kans wat sy/haar lewe op hierdie stadium verander (het), beskryf. Die kandidaat kan in 'n **bespiegelende** opstel peins oor die voor- en nadele indien hy/sy nie hierdie spesifieke/uitsonderlike/merkwaardige kans op dié oomblik benut/sou benut nie. Die kandidaat kan ook mymer oor watter omstandighede/gebeure vir hom/haar die perfekte/groot kans op daardie oomblik in sy/haar lewe sou wees. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan die kandidaat die redes bespreek/argumente aanvoer waarom dit belangrik is om hierdie spesifieke/uitsonderlike/merkwaardige kans(-e) wat die lewe nóú bied met albei hande aan te gryp./nie aan te gryp nie. **[50]**

1.3 **Onthou-oomblikke maak jou lewe die moeite werd.**
In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat vertel van onthou-oomblikke wat sy/haar lewe die moeite werd gemaak het. Die kandidaat kan selfs ook ‘n verhaal/storie oor ‘n rolmodel/bekende persoon vertel, wie se onthou-oomblikke sy/haar lewe die moeite werd gemaak het. Vir 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat die omstandighede/gebeure beskryf toe onthou-oomblikke sy/haar lewe die moeite werd maak/gemaak het. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat oor onthou-oomblikke wat sy/haar lewe die moeite werd maak/gemaak het, mymer. In ‘n **argumenterende**/**beredeneerde** opstel kan die kandidaat redes aanvoer waarom onthou-oomblikke die lewe die moeite werd maak/gemaak het. Die kandidaat kan ook argumenteer of dit slegs spesifieke oomblikke is wat die lewe die moeite werd maak/gemaak het. Die kandidaat kan op groei/ontwikkeling as sentrale tema in sy/haar lewe fokus. **[50]**

1.4 **Pasop, dink voor jy sink!**

In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat byvoorbeeld van 'n insident/insidente vertel toe hy/sy/iemand anders tot die besef gekom het dat hy/sy eerder twee keer moes dink voordat hy/sy net handel/gehandel het. ‘n Kandidaat kan ook vertel hoe sy/haar impulsiewe optrede/besluit hom/haar duur te staan kom/gekom het en die les wat hy/sy geleer het. Die emosionele ervarings wat iemand in so ‘n situasie beleef, kan as basis vir 'n **beskrywende** opstel dien. Die kandidaat kan ook beskryf hoe hy/sy so ‘n situasie beleef/ervaar het. Indien die kandidaat besin oor die impak wat "dink voor jy sink" op sy/haar lewe kan hê/kon gehad het, kan dit as 'n **bespiegelende/mymerende** opstel beskou word. In ‘n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan die kandidaat argumente/redenasies aanbied waarom ‘n saak eerder goed deurdink moet/moes word. Die kandidaat kan bewyse gee van maatskappye/bekende persoonlikhede wie se ondeurdagte optrede tot hulle ondergang lei/gelei het. **[50]**

1.5 **Ek kry koud op my eie, ek soek net 'n klein bietjie warmte.**

'n **Verhalende** opstel oor hierdie onderwerp sou kon vertel van 'n tyd in die kandidaat/iemand anders se lewe waartydens hy/sy letterlik of figuurlik eensaam/ koud gevoel het en na ŉ bietjie warmte soek/gesoek het. Die kandidaat kan 'n **bespiegelende** opstel aanbied oor die redes waarom hy/sy hierdie ervaring van koudkry op sy eie beleef (het)/moontlike uitkomste en maniere waarop hy/sy die situasie kan/kon hanteer toe hy/sy na warmte smag/gesmag het. Die kandidaat kan in 'n **beskrywende** opstel beskryf watter omstandighede/gebeure daartoe aanleiding gegee het dat hy/sy/iemand anders op sy eie koud kry/gekry het en watter gebeure ŉ dwingende behoefte aan ŉ klein bietjie warmte by hom/haar/die persoon veroorsaak/veroorsaak het. Die emosionele gewaarwordinge van die kandidaat/die persoon kan ook aangebied word. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel sou die kandidaat redes kan aanvoer/opweeg waarom hy/sy koud kry/gekry het op sy/haar eie en net ŉ bietjie warmte soek/gesoek het. Die kandidaat kan sosiale onbetrokkenheid/liefdeloosheid beredeneer. **[50]**

1.6 **Olifante**

'n **Verhalende** opstel kan byvoorbeeld aangebied word oor dierestories./jagstories./ olifante en hul kleintjies./versorging./sterk moederliefde/-instinkte. 'n **Beskrywende** opstel kan 'n spesiale oomblik tussen die ek-spreker en dier/moeder en kind beskryf. Die kandidaat sou ook sy/haar emosionele gewaarwordinge tydens 'n ontmoeting met so 'n dier kon beskryf. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin waarom die kleintjie altyd in die nabyheid van 'n volwasse olifant moet wees./of die mens ook so beskermend oor sy/haar kind(-ers) is. Indien 'n kandidaat in sy skryfstuk besin oor waarom dit belangrik vir mense is om by olifante te leer, kan dit ook as 'n bespiegelende opstel aanvaar word. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan kwessies soos natuurbewaring/bedreigde spesies/trofeejag ondersoek word. Indien die kandidaat kan motiveer waarom wilde diere/olifante vrylik in die natuur moet leef, kan dit ook as 'n argumenterende/beredeneerde opstel aanvaar word. **[50]**

1.7 **Die sleutel en die slot**

'n **Verhalende** opstel kan die storie vertel van 'n insident of gebeurtenis waartydens die kandidaat letterlik die sleutel van 'n slot nodig het/gehad het en óf hy/sy dit gebruik/gebruik het al dan nie. Die kandidaat kan ook 'n storie vertel van 'n slot en 'n sleutel waarna hy/sy soek/gesoek het, maar nie kry/gekry het nie of vind/gevind het. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat die letterlike en/of figuurlike betekenis van 'n slot en sleutel in sy/haar/iemand anders se lewe beskryf. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat fokus op die nut van 'n slot en 'n sleutel en dat die een nie sonder die ander kan/kon funksioneer nie. Dit kan na verhoudings tussen persone/ander figuurlike toepassings verwys. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan daar redes aangevoer word waarom 'n slot en sleutel onlosmaaklik deel van vandag se onveilige samelewing is. Die kandidaat kan statistieke aanbied oor misdaadgevalle waar slotte nie na behore gesluit was nie. Die kandidaat kan ook argumenteer/redeneer oor redes/gevolge van figuurlike beperkings in mense se lewens. **[50]**

1.8 **Man en vrou by die bakkie wat oor die afgrond hang.**

'n **Verhalende** opstel sou die storie van dié spesifieke ervaring vertel toe die vrou haar in ‘n lewensgevaarlike penarie bevind/bevind het. Die kandidaat kan 'n humoristiese of ernstige aanslag van die onderwerp in sy/haar opstel aanbied. In 'n **beskrywende** opstel sal die kandidaat kan beskryf wat aanleiding gee/gegee het tot hierdie ongemaklike situasie. Daar kan in 'n **bespiegelende** opstel enersyds deur die kandidaat besin word oor die redes waarom die vrou haar in hierdie situasie bevind en andersyds oor hoekom die man hom buite die bakkie bevind. Daar kan in 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel oor bv. die bestuursvernuf van mans teenoor vrouens geargumenteer/geredeneer word. **[50]**

**SOORTE OPSTELLE:**

**VERHALENDE OPSTEL**

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend, interessant en samehangend; dit oortuig en ontwikkel logies
- Die verhaal word uit die kandidaat se eie ervaring geskryf, maar kan fiktief/vanuit 'n derdepersoonsperspektief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word aangebied.
- 'n Verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Die verlede tyd word gewoonlik gebruik./historiese teenwoordige tyd, maar kan ook in die teenwoordige tyd aangebied word.

## BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos die skrywer beleef.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Waarnemings met al vyf sintuie en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie belewing en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word gedoen deur die konnotasie en nie die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

## BEREDENEERDE OPSTEL

Dit is objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom. Die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waaroor standpunt ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- 'n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak. Die slot gee 'n sterk aanduiding van die skrywer se mening.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

**BESPIEGELENDE OPSTEL**

Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Dit bespiegel oor 'n droom of wense/moontlikhede.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink: verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- Dit is persoonlik van aard.
- Daar is 'n definitiewe struktuur, maar 'n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie 'n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**ARGUMENTERENDE OPSTEL**

Die skrywer het 'n spesifieke mening en argumenteer daaroor om sy/haar standpunt te motiveer.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit is subjektief en definitiewe menings moet gestel word.
- 'n Eie mening word op 'n baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- 'n Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Verdediging of aanval van 'n saak word enduit volgehou.
- 'n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet 'n duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Slegs TWEE tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

**RIGLYNE**
Dui aan die einde van die skryfstuk die punte soos volg aan:
**Voorbeeld:**

| | |
|---|---|
| Inhoud, beplanning en formaat: | **I = K = 10** |
| Taal, styl en redigering: | **T = G = 6** |
| Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks). | **16** |

Dra die punt uit 25 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

**VRAAG 2**

Kandidate kies TWEE van die opdragte en skryf skryfstukke van 180 tot 200 woorde elk.

2.1 **E-POS**

Die e-pos word aan die voorsitter van die beheerliggaam gerig en redes word aangevoer waarom die matriekafskeid in die huidige formaat afgeskaf moet word. Die e-pos moet ook ander voorstelle bevat.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die formaat is formeel.
- Daar moet 'n e-posadres, onderwerpopskrif, aanhef en gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor die afskaffing van die matriekafskeid in die huidige formaat en nuwe voorstelle moet gemaak word.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in 'n formele register.
- Die e-pos moet formeel afgesluit word en die skrywer se voorletters/naam en van moet gegee word. **[25]**

2.2 **INFORMELE BRIEF**

Die kandidaat skryf 'n informele brief aan sy/haar ma/pa/voog waarin hy/sy vir hom/haar van sy/haar visie en drome vir die volgende sewe jaar vertel.

Hou die volgende in gedagte:

- Gebruik informele taal, register en styl.
- Die skrywer moet die ma/pa/voog vertel van sy/haar visie en drome vir die volgende sewe jaar.
- Skryf in beskrywende, maar eenvoudige taal.
- Skryf logies en volgens 'n spesifieke doel.
- Daar moet 'n inleiding, liggaam en slot wees.
- Die adres en die datum moet boaan verskyn.
- Na die skrywer se adres volg 'n informele aanhef.
- Sluit die brief informeel/semiformeel af, gevolg deur die skrywer se naam. **[25]**

2.3 **TYDSKRIFARTIKEL**

Die tydskrifartikel moet handel oor die toepassing, TikTok, wat deur so baie leerders gebruik word dat dit as ‘n nuwe mode beskou word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die doel van die teks is om in te lig waarom TikTok so gewild/gevaarlik/ongesond is.
- Gebruik die opskrif wat voorsien is.
- Die aanslag is objektief/saaklik, maar nie streng formeel nie.
- Die artikel moet 'n inleiding, liggaam en treffende slot hê.
- Elke paragraaf behoort oor 'n nuwe feit te handel.
- Die naam van die persoon wat die artikel skryf, moet verskaf word.
- Die slot moet die gehoor oortuig en tot nadenke stem. **[25]**

2.4 **FORMELE TOESPRAAK**

Skryf ‘n formele toespraak waarin jy die nuwe graad 8-leerders en hulle ouers oortuig waarom mislukking by jou skool nie ‘n opsie is nie.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die inhoud moet handel oor waarom die kandidaat se skool sukses waarborg.
- Die toespraak moet met 'n prikkelende inleiding begin.
- Die leser se belangstelling moet onmiddellik geprikkel word.
- Die toon, styl en woordkeuse moet respekvol wees en by die aard van die toespraak pas. **[25]**

2.5 **AGENDA EN NOTULE**

Die notule moet handel oor 'n klasvergadering wat op 15 Januarie 2023 gehou is.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die notule moet die volgende inligting bevat: naam van die klas, die datum, tyd en plek van die vergadering.
- Die notule word in die teenwoordige tyd geskryf.
- Taal en styl is formeel.
- Daar moet ‘n presensie-/teenwoordigheidslys/-aanduiding wees.
- Sake op die agenda word woordeliks opgesom en genotuleer.
- Die voorsitter teken en dateer die notule aan die einde.
- Die notule en agenda se opskrifte moet bymekaar aansluit. **[25]**

2.6 **DIALOOG**

Jy en jou vriend/-in het verskillende sienwyses rakende beurtkrag. In die dialoog probeer jy hom/haar oortuig dat beurtkrag ‘n positiewe invloed op gesinne kan hê.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die inhoud moet in dialoogvorm aangebied word.
- 'n Scenario kan geskets word voordat die dialoog begin.
- Ekstra inligting kan in hakies, direk voor die spreker se woorde, geskryf word.
- Taal en styl is informeel en gemaklik, maar geen slordige taal, slengwoorde en sms-taal is toelaatbaar nie.
- Aanhalingstekens word nie gebruik nie.
- Elke spreekbeurt word in 'n nuwe reël begin.
- Die verskil tussen gesproke en geskrewe Afrikaans is belangrik – daarom moet die redigering versigtig gedoen word. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

**LET WEL:**

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.
- **AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL**

| Kriteria | | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD & BEPLANNING**<br><br>Respons en idees<br>Organisering van idees vir beplanning<br>Bewustheid van doel, gehoor en konteks<br><br>30 PUNTE | Hoë vlak | 28-30 | 22-24 | 16-18 | 10-12 | 4-6 |
| | | -Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting<br>-Idees is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke<br><br>-Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Respons baie goed; getuig van vaardigheid<br>-Idees heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid<br>-Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/ slot | -Respons bevredigend<br><br>-Idees redelik samehangend en oortuigend<br><br>-Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Wisselvallige samehang in respons<br><br>-Idees onduidelik, nie oorspronklik nie<br><br>-Min bewys van organisasie en samehang | -Respons heeltemal irrelevant<br><br>-Idees deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie;<br>-Vaag en herhalend<br>-Geen organisasie nie en is onsamehangend |
| | Lae subkategorie | 25-27 | 19-21 | 13-15 | 7-9 | 0-3 |
| | | -Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek<br>-Idees intelligent en volwasse<br><br>-Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Respons goed; getuig van vaardigheid<br><br>Idees relevant, interessant<br><br>-Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid<br>-Idees redelik samehangend en oortuigend<br>-'n Mate van organisasasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Respons is grootliks irrelevant<br><br>-Idees begin los staan en kan verwarrend wees<br>- Skaars 'n bewys van organisasie en samehang | -Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie<br>-Heeltemal irrelevant en ontoepaslik<br><br>-Deurmekaar en geen fokus nie |

<table>
<tr><td rowspan="4">TAAL, STYL & REDIGERING<br><br>Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks<br>Woordkeuse<br>Taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika en spelling<br><br>15 PUNTE</td><td rowspan="2">Hoë subkategorie</td><td>14-15</td><td>11-12</td><td>8-9</td><td>5-6</td><td>0-3</td></tr>
<tr><td>-Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Taalgebruik getuig van vertroue, indruk-wekkend<br>-Toon retories, treffend en effektief<br>-Grammatika en spelling feitlik foutvry<br><br>- Knap gedaan</td><td>-Toon, register, styl en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Taalgebruik effek-tief en 'n deurlopen-de gepaste toon word gebruik<br><br>- Grammatika en spelling grootliks foutvry<br>-Baie goed gedoen</td><td>-Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra<br>-Toon is gepas<br><br>-Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk</td><td>-Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Taalgebruik baie basies<br><br>-Toon en woordkeuse skaars toepaslik.<br>-Baie beperkte woordeskat</td><td rowspan="3">-Taal onverstaanbaar<br>-Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie<br><br>-Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Lae subkategorie</td><td>13</td><td>10</td><td>7</td><td>4</td></tr>
<tr><td>-Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief<br><br>-Grammatika en spelling feitlik foutvry<br><br>-Baie goed tot knap gedaan</td><td>-Toon gepas en effektief<br><br>-Taalgebruik toe-paslik en oor die algemeen effektief<br>-Enkele foute in grammatika en spelling<br>-Goed gedoen</td><td>-Toon oor die alge-meen gepas be-perkte gebruik van retoriese middele<br><br>-Voldoende taalge-bruik, maar teenstrydighede word opgemerk</td><td>-Taalgebruik onvoldoende<br>-Weinig indien enige sinsverskeidenheid<br>-Woordeskat baie beperk</td></tr>
<tr><td rowspan="2">STRUKTUUR<br>Kenmerke van teks<br>Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie<br><br>5 PUNTE</td><td rowspan="2"></td><td>5</td><td>4</td><td>3</td><td>2</td><td>1</td></tr>
<tr><td>-Uitstekende ontwik-keling van onderwerp.<br>-Uitsonderlike detail<br><br>-Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstru-eer</td><td>-Logiese ontwikke-ling van detail<br>-Samehangend<br><br>-Sinne en paragrawe logies en toon variasie</td><td>-Relevante detail ontwikkel<br><br>-Sinne en paragrawe goed gekonstrueer<br>-Opstel maak nog sin</td><td>-Sommige punte geldig<br><br>-Sinne en paragrawe foutief<br>-Opstel maak effens sin</td><td>-Noodsaaklik punte ontbreek<br><br>-Sinne en paragrawe foutief<br>-Opstel maak nie sin nie</td></tr>
</table>

## ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE - HUISTAAL [25PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT<br><br>Respons en idees<br>Organisering van idees vir beplanning<br>Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks<br><br>15 PUNTE | 13-15 | 10-12 | 7-9 | 4-6 | 0-3 |
| | -Respons uitsonderlik, bo verwagting<br>Idees intelligent en volwasse<br>-Grondige kennis van kenmerke van die soort teks<br>-Skryfwerk behou fokus<br><br>-Samehang in inhoud en idees<br><br>-Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun<br>-Gepaste en akkurate formaat | -Respons baie goed<br><br>-Demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks<br>-Behou fokus – geen afwyking nie<br>-Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun<br><br>-Gepaste formaat met onbeduidende foute | -Respons voldoende<br><br>- Toon voldoende kennis van kenmerke van soort teks<br>-Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings<br>-Redelike samehang in inhoud en idees<br><br>-Sommige detail ondersteun die onderwerp<br>-Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute | -Basiese respons<br><br>-Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks<br>-Aanduiding van fokus maar met afwykings<br>-Inhoud en idees nie altyd samehangend nie<br>-Min detail ondersteun die onderwerp<br><br>-Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas<br>-Kritiese foute begaan | -Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie<br>-Betekenis onduidelik met groot afwyking<br>-Geen samehang in idees en inhoud nie<br><br>-Baie min detail ondersteun die onderwerp<br><br>-Nodige reëls van formaat nie toegepas nie |
| TAAL, STYL & REDIGERING<br><br>Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks<br>Taalgebruik en konvensies<br>Woordkeuse<br>Punktuasie en spelling<br><br>10 PUNTE | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 0-2 |
| | -Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer<br><br>Feitlik foutloos | -Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer<br>-Baie goeie woordeskat<br><br>-Oorwegend foutloos | -Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Enkele grammatikafoute<br><br>-Voldoende woordeskat<br><br>-Foute belemmer nie betekenis nie | -Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Grammatika onakkuraat met etlike foute<br><br>-Basiese woordeskat<br><br>-Betekenis belemmer | -Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie<br>-Besaai met foute en verward<br><br>-Woordeskat nie geskik vir doel nie<br><br>-Betekenis ernstig belemmer |

LET WEL: * Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A)

- Punte van 0 – 50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywing in 'n hoë en laevlak-subkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte En die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL (50 PUNTE)**

| **Kriteria** | | **Uitsonderlik** | **Knap** | **Gemiddeld** | **Elementêr** | **Onvoldoende** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD & BEPLANNING**<br>(Respons en idees)<br>Organisering van idees vir beplanning;<br>Bewustheid van doel, gehoor en konteks | **Hoë vlak** | **28 – 30** | **22 – 24** | **16 – 18** | **10 – 12** | **4 – 6** |
| | | Respons uitsonderlik/treffend en bo verwagting<br>Idees is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke<br>Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | Respons baie goed; getuig van vaardigheid<br>Idees heeltemal relevant, interessant, lewer bewys van volwassenheid<br>Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | Respons bevredigend<br>Idees redelik samehangend en oortuigend<br>Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | Wisselvallige samehang in respons<br>Idees onduidelik, nie oorspronklik nie<br>Min bewys van organisasie en samehang | Respons heeltemal irrelevant<br>Idees deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie Vaag,herhalend<br>Geen organisasie /onsamehangend |
| 30 PUNTE | **Lae vlak** | **25 - 27** | **19 - 21** | **13 - 15** | **7 – 9** | **0 - 3** |
| | | Respons uitmuntend; uitsonderlike, treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek<br>Idees intelligent en volwasse<br>Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | Respons goed; getuig van vaardigheid<br>Idees relevant, interessant<br>Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | Respons bevredigend; verval soms in onduidelikheid<br>Idees redelik samehangend en oortuigend<br>'n Mate van organisasie/samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | Respons is grootliks irrelevant<br>Idees begin los staan, kan verwarrend wees<br>Skaars 'n bewys van organisasie en samehang | Geen poging om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie<br>Heeltemal irrelevant en ontoepaslik<br>Deurmekaar en geen fokus nie |
| **Kriteria** | | **Uitsonderlik** | **Knap** | **Gemiddeld** | **Elementêr** | **Onvoldoende** |
| **TAAL, STYL & REDIGERING**<br>Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks;<br>Punktuasie, grammatika, spelling Woordkeuse<br>Taalgebruik en konvensies | **Hoë vlak** | **14 – 15** | **11 – 12** | **8 – 9** | **5 – 6** | **0 - 3** |
| | | Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks Toon retories treffend, effektief<br>Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend<br>Grammatika en spelling feitlik foutvry<br>**Knap gedaan** | Toon, register, styl en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks<br>Taalgebruik effektief met 'n deurlopende gepaste toon<br>Grammatika en spelling grootliks foutvry<br>**Baie goed gedoen** | Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel. gehoor en konteks Toon is gepas, retoriese middele gebruik om betekenis te versterk<br>Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra | Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks Toon en woordkeuse skaars toepaslik<br>Taalgebruik baie basies<br>Baie beperkte woordeskat | Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie<br>Taal onverstaanbaar<br>Woordeskat uiters beperk – onmoontlik om sin te maak |
| 15 PUNTE | **Lae vlak** | **13** | **10** | **7** | **4** | |
| | | Toon is retories effektief<br>Taalgebruik uitstekend<br>Grammatika en spelling feitlik foutvry<br>**Baie goed tot knap gedaan** | Toon gepas, effektief<br>Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief<br>Enkele foute in grammatika en spelling<br>**Goed gedoen** | Toon oor die algemeen gepas Beperkte gebruik van retoriese middele<br>Voldoende taalgebruik – teenstrydighede opgemerk | Taalgebruik onvoldoende<br>Weinig indien enige sinsverskeidenheid Woordeskat baie beperk | |
| **STRUKTUUR**<br>Kenmerke van teks;<br>Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie<br>5 PUNTE | | 5 | 4 | 3 | 2 | 0 - 1 |
| | | Uitstekende ontwikkeling van onderwerp Uitsonderlike detail<br>Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer | Logiese ontwikkeling van detail Samehangend<br>Sinne en paragrawe logies en toon variasie | Relevante detail ontwikkel<br>Sinne en paragrawe goed gekonstrueer Opstel maak nog sin | Sommige punte geldig<br>Sinne en paragrawe foutief Opstel maak nog effens sin | Noodsaaklike punte ontbreek<br>Sinne en paragrawe foutief Opstel maak nie sin nie |

## ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE HUISTAAL [25 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT**<br><br>**Respons en idees: Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks**<br><br>**15 PUNTE** | **13 - 15** | **10 -12** | **7 – 9** | **4 – 6** | **0 - 3** |
| | Respons uitsonderlik, bo verwagting<br>Idees intelligent en volwasse | Respons baie goed | Respons voldoende | Basiese respons | Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie |
| | Grondige kennis van kenmerke van die soort teks | Demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks | Toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks | Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks | |
| | Skryfwerk behou fokus | Behou fokus – geen afwyking nie | Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings | Aanduiding van fokus, maar met afwykings | Betekenis onduidelik met groot afwyking |
| | Samehang in inhoud<br>Idees behoorlik uitgebrei | Samehang in inhoud<br>Idees baie goed uitgebrei | Redelike samehang in inhoud en idees | Inhoud en idees nie altyd samehangend nie | Geen samehang in idees en inhoud nie |
| | Detail wat die onderwerp ondersteun | Detail wat die onderwerp ondersteun | Sommige detail ondersteun die onderwerp | Min detail ondersteun die onderwerp | Baie min detail ondersteun die onderwerp |
| | Gepaste en akkurate formaat | Gepaste formaat met onbeduidende foute | Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute | Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas<br>Kritiese foute begaan | Nodige reëls van formaat nie toegepas nie |
| **TAAL, STYL & redigering**<br><br>**Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling**<br><br>**10 PUNTE** | **9 - 10** | **7 – 8** | **5 – 6** | **3 – 4** | **0 – 2** |
| | Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks | Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks | Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks | Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks | Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie |
| | Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer | Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer | Enkele grammatikafoute | Grammatika onakkuraat met etlike foute | Besaai met foute en verward |
| | | Baie goeie woordeskat | Voldoende woordeskat | Basiese woordeskat | Woordeskat nie geskik vir doel nie |
| | Feitlik foutloos | Oorwegend foutloos | Foute belemmer nie betekenis nie | Betekenis belemmer | Betekenis ernstig belemmer |